Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

testpapers.co.za

# SENIOR FASE

# GRAAD 9

# NOVEMBER 2013

# AFRIKAANS HUISTAAL

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | LEESBEGRIP | (20 punte) |
| AFDELING B: | OPSOMMING | (10 punte) |
| AFDELING C: | POËSIE | (10 punte) |
| AFDELING D: | TAAL IN KONTEKS | (20 punte) |
| AFDELING E: | SKRYFWERK | (40 punte) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees die instruksies by AL die vrae versigtig deur.

4. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.

6. Laat ŉ reël tussen die antwoorde oop.

7. Skryf netjies met blou of swart ink.

8. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees die volgende koerantartikel uit *Die Burger* van 13 Januarie 2012 en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.

# Bygeloof oor dié dag laat talle naels kou

**Marelize Barnard**

KAAPSTAD – Diegene wat dit nie uit die huis waag op Vrydag die 13de nie, sal vanjaar drie verlofvorms moet invul.

Behalwe vir vandag, val die 13de ook in April en Julie op ʼn Vrydag.

Volgens die Gregoriaanse kalender is dit die meeste keer dat dié "ongelukkige" dag in ʼn jaar kan voorkom.

Blykbaar is daar voor 1907 maar min kere verwys na Vrydag die 13de as ʼn ongelukkige dag.

Volgens ʼn inskrywing in Wikipedia het daar in dié jaar ʼn boek getiteld *Friday the Thirteenth* deur Thomas W. Lawson verskyn waarin ʼn gewetenlose makelaar die datum gebruik het om paniek te saai op Wall Street.

In die gebruik van numerologie, waarvolgens bepaalde waardes geheg word aan syfers, dui die syfer 12 op volledigheid. Daarom word die wenkbroue opgetrek vir die volgende nommer, naamlik 13.

Die Nore het blykbaar geglo 13 mense aan ʼn tafel was ʼn teken dat een van die groep eters sou sterf.


In lande waar Spaans gepraat word, is eerder Dinsdag die 13de die ongelukkige dae. Blykbaar glo die Grieke ook dit is op Dinsdag die 13de dat ʼn mens lig moet loop.

Diegene wat dan eerder op Dinsdag die 13de wil veilig speel en laag lê, sal verlofvorms vir Maart en November gereed moet kry.

Met al die vakansiedae in Suid-Afrika, bly daar maar min produktiewe dae oor as ʼn mens boonop bygelowig is.

Gelukkig is daar darem vanjaar geluk by die ongeluk, as ʼn mens dit so wil beskou.

Dit is skrikkeljaar, dus is dit gelukkiger tye vir vroue wat besluit om self die bul by die horings te pak en ʼn geliefde nader te sleep.



Vrydag die 13de

- Baie geboue tel nie die 13de vloer nie.
- Baie hotelle het nie 'n nommer 13-kamer nie.
- 'n Galgtou het 13 knope.
- Daar is 13 trappe na die galg.

- Moenie 'n reis op 'n Vrydag begin nie.
- Moenie jou naels op 'n Vrydag knip nie.
- Moenie nuwe bedlinne op 'n Vrydag opsit nie.

Moordenaars met 13 letters in hul name:
- Charles Manson
- Jeffrey Dahmer
- John Wayne Gacy
- Theodore Bundy
- Jack The Ripper

- Die 13de kaart in tarot-kaarte is die Dood.

Gebeure op 'n Vrydag die 13de

- **Julie 1951** 24 sterf in 'n vloed in Kansas.
- **Maart 1964** 131 sterf in die grootste aardbewing in Amerika se geskiedenis.
- **Maart 1992** 2 000 mense sterf in 'n aardbewing in Turkye.
- **13 September 1996** Tupac Shakur word geskiet.

Bronne: hauntedbay.com; urbanlegends.about.com; myfoxny.com

MORNÉ SCHAAP, Grafika2

1.1 Verduidelik die betekenis van die titel in JOU EIE WOORDE. Moenie die woorde gebruik wat in die titel is nie. (2)

1.2 Hoe het die bygeloof dat Vrydag die dertiende ongelukkig is, begin? (1)

1.3 Watter TWEE nasies glo nie dat Vrydag die dertiende 'n ongelukkige dag is nie? (2)

1.4 Verduidelik in JOU EIE WOORDE waarom skrikkeljaar vir vroue gelukkig is. (2)

1.5 Gee TWEE redes waarom dertien vir 'n persoon wat ter dood veroordeel is, ongelukkig sal wees. (2)

1.6 As jy in 'n hotel, wat aan 'n bygelowige behoort, oornag en op die dertiende vloer bly wat sal dié vloer se nommer wees? (1)

**[10]**

## VRAAG 2

Bestudeer die volgende strokie uit *Die Burger* en voer dan die opdragte uit.




2.1 Som die dame se gemoedstoestand/emosies in die eerste drie raampies in slegs EEN woord op. (1)

2.2 Watter TWEE visuele bewyse uit raampie 4 dui daarop dat haar gemoedstoestand nie lank geduur het nie? (2)

2.3 2.3.1 Waarom kan 'n mens uit raampie 5 die indruk kry dat die seun nie goeie maniere het nie? Noem TWEE. (2)

2.3.2 Watter woord in die strokie weerlê egter hierdie indruk? (1)

2.4 2.4.1 Wat moet die seun by Hector gaan oefen? (1)

2.4.2 Bewys jou antwoord uit die strokie. (1)

2.5 Verduidelik die verskil in grootte van die musieknote in die eerste drie raampies van die musieknote in raampies 5 en 6. (2)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 3**

Lees die onderstaande artikel verwerk uit *Die Burger, 30 Januarie 2001,* aandagtig deur en voer dan die opdrag uit.

SOM DIE REËLS VIR GELUK IN SEWE VOLSINNE OP

- Skryf jou sewe sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Jy moet een sin oor elke feit skryf.
- Jy mag jou eie woorde gebruik.
- Jou opsomming mag nie langer as 80 woorde wees nie.
- Dui die getal woorde wat jy gebruik het aan die einde van jou opsomming aan.
- Jy sal streng gepenaliseer word as jy nie die aanwysings volg nie.

## Reëls vir geluk

Die multibiljoenêr, Bill Gates, het tydens ŉ besoek aan Amerikaanse hoërskole 12 reëls vir geluk aan die leerders voorgehou.

Hier volg enkeles daarvan:

Die wêreld gee nie om wat jou selfbeeld is nie. Die wêreld wil sien dat jy iets bereik het voordat jy begin goed voel oor jouself. Mense wil eers sien wat jou bydrae is voordat hulle jou toelaat om jouself lof toe te swaai.

Jy sal nie R200 000 verdien die dag as jy uit die skool kom nie, jy sal nie die voorsitter van die maatskappy word met boonop ŉ chauffeur nie. Jy sal hierdie goed moet verdien, want niemand kry dit net nie.

As jy dink jou onderwysers was moeilik, wag totdat jy ŉ baas het. As jy dink jou onderwysers het te veel van jou verwag, wag totdat jy ŉ werkgewer het.

Om hamburgers te maak en papiere op te tel is nie benede jou nie. Jou oupa en ouma sal dit ŉ geleentheid noem.

As jy foute maak, is dit nie jou ouers of onderwysers se skuld nie; hou dus op kerm daaroor en leer daaruit.

Die onderwysdepartement het dalk wenners en verloorders afgeskaf, maar die lewe het nie. In party skole kan jy maar ŉ toets oor en oor skryf totdat jy slaag. In die werklikheid gaan niemand jou ŉ tweede of derde kans gee nie.

Die lewe is nie in kwartale ingedeel nie. Jy het nie lang vakansies nie en niemand gee vir jou sakgeld nie. Niemand is daar om jou te help om jouself te vind nie. Jy moet dit alles op jou eie en in jou eie tyd doen.

Wees besonder vriendelik met *nerds*, want die kanse is baie goed dat een van hulle môre, oormôre jou baas gaan wees.

[Verwerk uit *Die Burger*, 30 Januarie 2001]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: POËSIE

### VRAAG 4

Lees die volgende gedig en beantwoord dan die vrae.

# Japan

Wit en blou en bruin
pophuisies van karton,
pikant en klein,
lê sorgloos rondgestrooi
– Vergete speelgoed van 'n kind –
Tussen goudgeel akkers rys.
Riviertjies trippel na die see.
Klein vlaktes strek soos groen kimono's uit
Om deur die wit strykyster van die son
uitgestryk te word
voordat die oesfees in die najaarstyd begin.
Soos op 'n poskaart glimlag Fuji in die verte
sneeuwit en vredig in die verte teen die blouste, blouste lug.

Die sneltrein – groot sywurm –
het in Tokio hom knuppeldik geëet
aan mense en bagasie,
nou krul hy lustig aan
na Hirosjima.
Sy spore lê soos fynblink syedrade in die son.
Die klikgeluide van sy wiele tik
Die ritme van 'n opgewekte lied
asof die hele land
al lankal klaar vergeet het van
die wonde
van Hirosjima en Nagasaki.

Maar êrens in 'n tempel het ek haar ontmoet:
met sewe wierookstokkies in haar hande
bid 'n erg verminkte vrou
na elke môre knielend
die afgestorwe siele
van haar hele huisgesin:
een stokkie vir haar man,
en een vir elke kind.

[Bron: Onbekend]

| Woordverklarings: | |
|---|---|
| *Kimono's:* | Tradisionele kleredrag van vroue in Japan. |
| *Fuji:* | Bekende hoë berg in Japan. |
| *Hirosjima en Nagasaki:* | Die Geallieerde magte het tydens die Tweede Wêreldoorlog atoombomme op die twee stede laat val om Japan tot oorgawe te dwing. |

4.1 Waarom vergelyk die spreker die huise met "pophuisies"? (1)

4.2 Wat is die funksie van die leestekens in versreël 5? (1)

4.3 Benoem die beeldspraak in versreël 7. (1)

4.4 Wat wil die spreker omtrent die berg Fuji beklemtoon as hy sê dit lyk soos "op 'n poskaart"? (1)

4.5 Waarom word "blouste" aan die einde van die eerste strofe herhaal? (1)

4.6 4.6.1 Dui die alliterasie in reël 20 aan. (1)

4.6.2 Wat wil die digter deur middel van hierdie alliterasie bereik? (1)

4.7 Watter kontras is daar tussen die stemming/atmosfeer van die eerste twee strofes en die derde strofe? (2)

4.8 Haal die woord aan wat die wending/draaipunt in die gedig inlei. (1)

**TOTAAL AFDELING C: 10**

## AFDELING D: TAALWERK

### VRAAG 5

5.1 Lees eers die grappie voordat jy die vrae beantwoord.

> Die multi (5.1.1)-miljoenêr se poedel raak weg en hy gaan koerant toe om 'n advertensie te plaas:
>
> **R1 000 loon (5.1.3) vir die persoon wat die hond terugbesorg.**
>
> Laat die middag bel hy die redakteur.
>
> "Wat's fout?", vra hy. "Die koerant het dan nog nie verskyn nie."
>
> "Ja," sug die moedelose redakteur, "al my (verslag+gee) (5.1.7) is uit om die hond te soek!"

5.1.1 Wat is die betekenis van die onderstreepte morfeem in multi-miljoenêr? (1)

5.1.2 Vorm 'n werkwoord van advertensie. (1)

5.1.3 Skryf die regte vorm van die woord neer. (1)

5.1.4 Skryf uit die sin Laat die middag bel hy die redakteur die volgende neer:

(a) Gesegde (1)

(b) Voorwerp (1)

(c) Bywoordelike bepaling/frase (1)

5.1.5 Voltooi die volgende idioom.

Twee honde baklei om 'n been en die ... (1)

5.1.6 Gee die versamelnaam vir 'n groep klein hondjies. (1)

5.1.7 Vorm 'n samestelling om 'n persoonsnaam te vorm tussen (verslag + gee). (1)

5.1.8 Wat is die afkorting vir redakteur? (1)

5.1.9 Skryf die laaste sin uit die leesstuk in die indirekte rede oor. Begin met: Die redakteur het gesê ... (1)

5.1.10 Dit sal 'n vonds wees om die hondjie te kry. Maak nou 'n verklarende sin met die homofoon (klink dieselfde, betekenis verskil) van vonds. (1)

5.2




5.2.1 Skryf Helga se woorde in die lydende vorm/passiewe vorm oor deur te begin met:

Die simfonie-orkes ... (1)

5.2.2 Verklaar die gebruik van die koppelteken in <u>simfonie-orkes</u>. (1)

5.2.3 Wat noem ons die persoon wat vir die orkes aanwysings gee oor hoe om die musiekstuk te vertolk? (1)

5.3




5.3.1 In bogenoemde strokie ontstaan daar 'n misverstand as gevolg van verskillende betekenisse van die woordjie "**reg"**.
Verduidelik hierdie betekenisse deur twee verklarende sinne met die woord "reg" te maak. (2)

5.4

## Blapse

**Gerugte het weer 5.4.1 .... vore gekom in die Bloemfonteinse Pelonomi Hospitaal dat meer as een pasiënt agtereenvolgende Vrydae in dieselfde bed oorlede is, toe na familie gesoek is van ’n pasiënt 5.4.3 .... gesterf het. Personeel wat onraad begin vermoed het, het vasgestel ’n werker haal Vrydae die prop van lewensnoodsaaklike masjiene uit ’n muursok om haar vloerpoleerder in te prop.**

5.4.1 Skryf die korrekte voorsetsel neer. (1)

5.4.2 Noem die stam/me van **vloerpoleerder.** (1)

5.4.3 Skryf die korrekte voornaamwoord neer. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**

## AFDELING E: SKRYFWERK

### INSTRUKSIES

1. Kies EEN van die volgende onderwerpe uit VRAAG 6 en voer dan die opdragte uit.

2. Jy moet jou werk deeglik BEPLAN, REDIGEER en jou skryfstuk PROEFLEES. Die beplanning moet gedoen word voordat jy die opstel skryf.

3. Dui jou beplanning duidelik aan met die woord "beplanning" sodat daar nie verwarring kan ontstaan oor watter stuk jou finale stuk is nie.

4. Nommer die skryfstuk net soos op die vraestel.

5. Voorsien die skryfstuk van 'n gepaste titel.

6. Die skryfstuk moet jou eie oorspronklike werk wees.

7. Jy mag nie plagiaat pleeg nie.

8. Die illustrasies dien slegs as stimulus en hoef nie direk in die skryfstuk gebruik te word nie. Daar behoort egter 'n logiese verband tussen die illustrasie en die skryfstuk te wees.

9. Die titel word nie aanmerking gebring as die woorde getel word nie.

10. Jou opstel moet 250–300 woorde lank wees.

11. Dui die getal woorde wat jy gebruik het aan.

12. Skryf netjies en leesbaar.

### VRAAG 6

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n opstel van 250–300 woorde daaroor.

6.1 Konsternasie op die lughawe/stasie/bushalte.



[*Weg, Februarie 2011*] **[40]**

6.2 Ek gee nie om wat enigiemand sê nie. Hy is my pa. **[40]**

6.3 My ouers verwag te veel.




[*JIP, 27* Augustus 2012] **[40]**


6.4 As ek kon, sou ek graag ŉ (kies ŉ dier) wou wees. **[40]**

6.5 My held(e) het toe voete van klei. **[40]**

6.6 Dit laat my skaam voel …

Ek kry skaam as my ma my babafoto's aan vriende, veral van die teenoorgestelde geslag, wys.
Die manier waarop my ouers los dans. Dit mag dalk goed gelyk het in die tagtigerjare, maar ons dink nie dis nou meer "cool" nie. **[40]**

6.7 Wonders van my wêreld



[*www.travelcacadu.co.za*] **[40]**

6.8 Sonde met die bure






**[40]**

6.9 Ek sal seuns/meisies nooit verstaan nie. **[40]**

6.10 Uitgespoel op 'n strand. **[40]**

6.11 Om deel te wees



[*Huisgenoot,* 5 Julie 2012]



[*Huisgenoot,* 2 Februarie 2012]



[*Sarie,* September 2011]

**[40]**

6.12 Kies EEN van die volgende illustrasies en gebruik dit as stimulus. Verskaf jou eie titel.

6.12.1



[*Weg,* April 2011] **[40]**

6.12.2





[*Jip,* 20 Augustus 2012] **[40]**

6.12.3



[*Rooi Rose,* April 2010] **[40]**

6.12.4



[*Weg,* Mei 2010] **[40]**

6.12.5



[*Sarie,* April 2011] **[40]**

6.12.6




[*Vrouekeur,* 29 Junie 2012] **[40]**

6.12.7



[*Weg,* Julie 2010] **[40]**

6.12.8



[*Huisgenoot,* 19 Januarie 2012] **[40]**

**TOTAAL VIR AFDELING E: 40**
**GROOTTOTAAL: 100**